# Kampnuus

# Rietvallei

## Bass Lake 20 tot 22 Oktober 2023

Austin en Sarie Weber was so uitgehonger vir kamp, dat hulle al Dinsdag gearriveer het! Vrydag het hulle twee kleinseuns, met volle visvanggerei, aangesluit om baars (bass) en kurpers te vang.

Donderdag het Frans (dié dag se verjaarsdagman) en Stefanie asook Daan en Elize (die kampkoördineerders) hul waens kom staanmaak. Die res het Vrydag daar aangekom; so ook ons twee gaste, André en Wilna Swartz van Streek Bosveld. Gideon en Helena van Zijl se seun, Eon, en sy vriende het laat Vrydagaand by hulle aangesluit.

Ons het Frans se verjaarsdag van Donderdag tot Saterdag gevier, met lekkernye wat Stefanie voorgesit het.

Vrydag het Frans die boekevat gelei, waarna Daan en Elize worsrolle met tuisgemaakte tamatie en uie smoor bedien het. Sowaar 'n wenner!

Saterdagoggend het Frans met die klomp wat wou, al oor die plaas gaan stap.



**Daan en die seuns het die viswaters betree. Daar is hard probeer om swartbaars, met `n groot verskeidenheid kunsaas, aan die hoek te kry.  Ons moes tevrede wees om `n klein bloukurper aan te keer.**





**Almal het aan Saterdagaand se "straatbraai" deel gehad.**
**Hennie en Anne-Marie se potbrood saam met die ander lekker bykosse was vullend en het goed gesmaak.**




Pepe, die 'steekbaardbrakkie' van Bass Lake Lodge se sjef, het haar tuisgemaak tussen die kampers en snags by van ons woonwaens geslaap.





Bass Lake is `n pragtige woonwa park met besonderse staanplekke. Staanplekke is ruim, gelyk (soos waterpasgelyk) en met netjiese grasperke.





Die ablusie geriewe is uiters netjies en van die bestes wat ons al teengekom het. Oor die naweek is dit deurlopend versorg. Opvallend was die onderverdeling van fasiliteite. Stort en was geriewe is in 'n ander vertrek as toiletgeriewe. Daar is selfs 'n vertrek met gerieflike stoele voor spieëls, met kragpunte, waar die dames hulself met hartelus kan optower.

Die oord is op 'n 500 hektaar plaas geleë. Wild soos koedoes, sebras, blouwildebeeste, rooi- en swart- bokke is op die plaas gevestig. Gebande muishonde kom gereeld in groepe van so 10 tot 15 voor, op soek na kos (vra maar vir Dalena). Snags kan jakkalse en leeus gehoor word. 'n Groot verskeidenheid wilde voëls kom voor en die roep van 'n visarend is daagliks om die oord gehoor.

Die sekuriteitsmaatreëls by die oord is goed en ons kon rustig kamp en slaap.

Indien alle faktore (onder andere vervoer en tolgelde), in ag geneem word, is die kamp tariewe redelik en billik. Die oord se weeknagte is ongelukkig 'n bietjie duur, maar die oord is bereid om met ons daaroor te gesels en hier kan dalk iets positief van kom (dankie Bertus en Dalena!).





Sondagoggend is die boekevat deur Frans waargeneem. Andermaal het die Heilige Gees deur God se Woord tot ons almal gespreek. Die tema was dat ons voorbereid en gereed moet wees, sodat ons die uitdagings van ons tyd kan hanteer. Ons moet geestelik verder wees as om steeds nog 'melk- en sagtekos te eet'!



Verjaardae, Huweliksherdenkings en Kampkoördineerders

<u>Heel bo</u>

Erna en Johan

Erna en Frans

Anne-Marie en Erna

Frans, Rina en Johan

Frans, Daan en Elize

Nadat Pieter le Roux die naweek met gebed afgesluit het, het ons saam rondom `n bordjie eetgoed gekuier, met `n koppie tee, koffie of iets kouds.

Behalwe Daan en Elize, het almal Sondagmiddag vertrek. Pepe het Sondagnag die wag oor Daan en Elize gehou. Pepe het hulle Maandag tot by die dam gevolg, vanwaar sy seker maar huiswaarts is.

Nogmaals baie dankie vir een en almal, wat bygedra het sodat ons andermaal 'n onvergeetlike streekkamp kon aanbied en geniet!

Liefde tot volgende kamp.

Daan en Elize van der Berg







Fotos geneem deur Marietjie en Daan.

"When you can't find the sunshine, be the sunshine..."